# Sterf en regeer saam met Jesus





**2024-12-29**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

10

## 2 Tim 2:7-13

7 Dink na oor wat ek sê; en mag die Here jou insig gee in
alles! **8** Onthou dat Jesus Christus, uit die geslag van Dawid, uit die
dode opgewek is volgens my evangelie, 9 waarin ek verdrukking ly tot
die boeie toe soos 'n kwaaddoener; maar die woord van God is nie
gebonde nie. 10 Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes,
sodat hulle ook die verlossing wat in Christus Jesus is, kan verkry met
die ewige heerlikheid. 11 Dit is 'n betroubare woord; want as ons met
Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe. 12 As ons verdra, sal ons
met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën. 13 As
ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie.

11

# Dink na en onthou oor wie dit gaan…

2Ti 2:7 Dink na oor wat ek sê; en mag die Here jou insig gee in alles!
2Ti 2:8 Onthou dat **Jesus Christus**, uit die geslag van Dawid, uit die dode opgewek is volgens my evangelie,

Heb 12:2 **die oog gevestig op Jesus**, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.



12

# Paulus was ook 'n voorbeeld

2Ti 2:9 waarin ek verdrukking ly tot die boeie toe soos 'n kwaaddoener; maar die woord van God is nie gebonde nie.

- Paulus het goedgedoen waar hy beweeg het na sy bekering. Tog het hy gelei soos 'n kwaaddoener.
- Waarom verwag ons beter behandeling?

Joh 18:30 Hulle antwoord en sê vir hom: As Hy geen kwaaddoener was nie, sou ons Hom nie aan u oorgelewer het nie.

- God se woord is nie gebonde ne.
- Dit behoort ons troos te gee.
- Hoeveel het ons al gely in ons geveg teen sonde?

Heb 12:3 Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. 4 Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.



13

# Ons kan uitdagings verdra

2Ti 2:10 Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat hulle ook die verlossing wat in Christus Jesus is, kan verkry met die ewige heerlikheid.

- Ons verdra uitdagings en verdrukking om self te groei.
- Ons verdra egter nie net vir onsself nie maar ook om ander te help.
- Is ons bereid?
- Verdra met blydskap.

1Th 5:9 Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus

- Verlossing is slegs in Jesus Christus te verkry.

14

# Sterf met Christus

2Ti 2:11 Dit is 'n betroubare woord; want as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe.

- God se woord is betroubaar.
- As ons....
- Dood vir die wêreld se plesier en vleeslike dinge…
- Sal ons ook met Hom lewe.

Kol 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. 2 Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. 3 Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.

15

# Ons kan saam met Christus regeer

2Ti 2:12  As ons verdra, sal ons met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën.

- Belofte
- Hoeveel is ons bereid om te verdra vir Jesus Christus?



**Mat 10:32**  Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is.
**33**  Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is.

16

# Hy bly getrou!!

2Ti 2:13  As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie.

- Hy bly getrou aan elke belofte.
- Ons sal eers moet sterf om saam met Hom te regeer.



2Ti 2:11  Dit is 'n betroubare woord; want as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe.

**Mat 19:28**  En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel.

17